Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA
*Grower levies working for you!*

# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (18/11)*

*Justin Chadwick (13 Mei 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK*** *"Contrary to general belief, I do not believe that friends are necessarily the people you like best, they are merely the people who got there first" – Peter Ustinov*

## JAPAN

Die eerste skip met omtrent 4 400 palette is vir Japan gelaai en het gistermiddag geseil. Die tweede skip word môre in Durban verwag. Die Japannese inspekteur is tevrede met die verloop van die inspeksies en het na Japan teruggekeer – die seisoen is dus volstoom aan die gang. Uitvoerders word daaraan herinner dat Durban, Port Elizabeth en Kaapstad vir uitvoere na Japan gebruik kan word, diegene wat egter van ander hawens as Durban gebruik wil maak, moet vroegtydig reëlings met Faisal Asmal van die CGA tref – kontak hom by 082 679 6082. Paul Hardman het ook Japannese uitvoerders daaraan herinner dat Japan SEP-heffings teen 11 Mei 2011 betaalbaar was – diegene wat nog nie betaal het nie, se vrugte sal nie geïnspekteer word nie.

## BELASTING-EISE

Een van die besluite wat deur NEPAD in 2006 geneem is, was dat spandering aan Navorsing en Ontwikkeling na 1% van die GDP verhoog sou word. Om privaat besteding aan Navorsing en Ontwikkeling aan te spoor, laat SARS 'n 150% eis op hierdie tipe van uitgawes toe. Produsente kan dus 150% van die Navorsing en Ontwikkelingsgedeelte van die CGA heffing eis. Robert Miller het 'n kennisgewing op die CGA se webtuiste geplaas (www.cga.co.za) wat die proses verduidelik, asook die bedrag wat geëis kan word (jy kan terugwerkend tot 2006 eis). Navrae kan aan Robert by 031 7652514 gerig word. **Produsente was suksesvol – hierdie bedrae is teruggekry.**

## KOMMENTAAR: HOEKOM WERK?

In die VK is die bruto bedrag wat vanaf inkomstebelasting ingevorder word (betaal deur die wat werk) amper presies dieselfde as die bedrag wat aan werkloosheidsvoordele (betaal aan die wat nie werk nie) uitbetaal word. In die VSA is daar twee maal soveel mense in diens van die regering (22.5 miljoen) as in die vervaardigingsektor (11.5 miljoen). Dit is 'n ommekeer van die 1960's toe 15 miljoen in vervaardiging was en 8.7 miljoen werksaam in die regering. In Suid-Afrika is daar 6 miljoen geregistreerde, individuele belastingbetalers en 14 miljoen mense wat maatskaplike toelaes ontvang. Hoe lank gaan die paar wat bereid is om te werk nog in staat wees om die vele wat van hul afhanklik is, te dra? Sal ons uiteindelik vind dat die mense wat werk keelvol raak en dan in opstand kom soos die pro-demokratiese gebeure in die Midde-Ooste? Soos 'n VSA-kommentator opgemerk het – ons het van 'n nasie wat doen verander na 'n nasie wat neem. Daar was 'n tyd toe belastings aangewend is om gesamentlik te doen wat individue nie kan/sou op hul eie doen nie. Dit was vir gemeenskaplike voordeel soos die bou van paaie, verskaffing van mediese sorg, voorsiening van goeie opvoeding, bekamping van misdaad, skoonhou van dorpe, voorsiening van veilige drinkwater, verskaffing van genoegsame energiebronne, hantering van afval, ens. Belastings word nou anders aangewend – en nie noodwending tot die voordeel van die wat dit betaal nie.

## GEPAK EN VERSKEEP 2011

Die **Satsumas** is klaar geoes en 1.6 miljoen van die 1.7 miljoen kartonne (soos volgens die laaste voorspelling op 5 Mei) is gepak en vir uitvoer goedgekeur. Die **Clementine** oes is in volle swang. Die VK het die grootste aanvraag na Satsumas gehad – met 51% van sagte sitrus wat na die VK tot op datum uitgevoer is (2010 48%). Noord-Europa teen 24% (2010 25%) en Rusland op 11% (2010 16%) is ook belangrike bestemmings vir sagte sitrus. Die Europese Unie (VK, suid en noord-Europa) het 76% van die **pomelo**-verskepings ontvang (2010 39%) – dit was ten koste van Rusland wat in 2010 41% van die pomelo's ontvang het wat teen einde van week 18 verskeep is (2011 5%). Soos gewoonlik, vroeg in die seisoen, is die meeste uitvoere van suurlemoene na die Midde-Ooste (2011 45%; 2010 48%). Dit is interessant dat die hoeveelhede van sagte sitrus en suurlemoene wat in week 18 gepak is, dieselfde oor die afgelope 3 jaar was.

| Tot Week 18<br>Miljoen15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuuste voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 2.8 m | 2.4 m | 2.9 m | 0.3 m | 1.6 m | 14.7m | 15.2m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 1.8 m | 2.5 m | 2 m | 1.8 m | 1.7 m | 7.9m | 7.4m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 1.8 m | 2.5 m | 2 m | 1.2 m | 1.5 m | 9.8m | 9.7m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 0.5 m | 1.1 m | 0.6 m | 0.2 m | 0.2 m | 19.4m | 19.3m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 42.9m | 42.9m | 46.5m | 45.9m |
| | 6.5 m | 8.5 m | 7.5 m | 3.5 m | 5 m | 94.7m | 94.7m | 99m | 97.2m |

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**